Gs. 155: 1, 3.
" 153: 1, 2.
" 154: 2.

# Het die Kerk 'n Toekoms?

Matt. 16: 13-23.

[ A.kp 11 Sept. 1960.

Matt. 16: 18 - En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

„Het die Kerk nog 'n toekoms?" As ons kyk na al die nuwe gemeentes wat in ons land gestig word, groot kerkgeboue wat opgaan, getalle van lidmate wat groei dan sê ons is hd. vraag geheel-en-al onnodig. En as ons lees van pragtige tekens van nuwe lewe en belangstelling in sommige oorsese lande dan wil ons byna sê: Dit gaan baie goed met die Kerk!

Maar as ons dan weer kennis neem van wat in Kommun. lande soos Rusland & China gebeur, as ons lees van talle beperkings op Xt. Kerke in Indië, as ons kennis neem van al die geheime in Afrika waar die opblaas van 'n eie nasionalisme lei tot ondermyning van blanke gesag en Xdom dan vra ons met reg: Het die Kerk nog 'n toekoms?

Maar die vraag word wesensvraag, lewensaak, as ons kyk na d. lewe & getuienis v.d. Kerk self, die tekens van verswakking en verbrokkeling nie van buite nie. van binne: van 'n Kerk wat sy eenheid verbrokkel het, van 'n Kerk wat d. skeidslyn tussen hom en die wêreld laat vervaag het, van 'n Kerk wat sy geestelike en morele standaarde verlaag en vervaag het, van 'n Kerk waar dit baie ernstig ontbreek aan die nodige Xt. liefde, die geloof en die ywer om te getuig - as ons hierna kyk dan vra ons met groter erns: Het die Kerk nog 'n Toekoms?

Om die vraag te kan antwoord moet ons eers vra: Wat leer d. Skrif ons i.v.m. die Kerk?

Ons teks gee ons hier 'n pragtige antwoord:

I **Xtus stig en bou sy Kerk:** Duidelik sê Xtus aan Petrus: „Ek sal my gemeente bou": Jesus Xtus is dus d. Stigter van die Kerk: Hy roep sy Kerk in aansyn – niemand anders mag Kerk stig as Xtus alleen. Die betekenis v.d. woord in d Grieks („Kerk = dit wat a.d. Here behoort") leer ons dus baie duidelik dat die Kerk nie aan ons behoort – kan nooit ons Kerk wees nie: dis nie 'n Klub of vereniging wat ons kan oprig & ontbind soos ons wil nie. Dis d. liggaam v. Xtus – Hy bepaal wie mag toetree: nie ons nie! En Hy bou sy Kerk deur uit d. mensl. geslag almal te roep wat Hom aanneem as Here en Saligmaker. Die enigste voorwaarde wat Hy stel vir lidmaatskap is geloof in Hom as Here & Saligmaker – en daarom mag ons nie ander voorwaardes stel van lidmaatskap wat in stryd is met sy Woord nie! // En daarom mag ons nie swyg en stilsit as daar sondige verdeeldheid en gedeeldheid ontwikkel in die Kerk waardeur afsonderlike, mekaar opponerende Kerke, totstand kom en so d. liggaam van Xtus verbreek nie! Die Kerk wat so bou, bou op sand! Speel met sy teekens! Xtus nie ge-interesseerd om te weet of daar 'n N.G. Kerk of Angl.-Kerk ... is nie – Hy vra en wil weet: Is dit d. Kerk wat Ek stig & wat Ek bou? „Ἐκκλησία μου"?

II **Xtus Bewaar en Beveilig Sy Kerk:** Hoe fors & heilig klink sy woord: „En die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie"! Want Xtus het presies geweet wat vir sy Kerk op aarde wag: tye van insinking, verbrokkeling, bedreiging & vervolging wyl deur die hele bestaan



van die Kerk op d spel gekom het! Soos die Kerk v.d. Ou Verbond bedreig was in d. dae van Elia, van Daniël, van Nehemia, so word hy bedreig na Xtus se dood: deur die vervolging van Nero, deur die valse beskerming van Konstantyn d Grote, deur die verwaarlosing v.d. leer v. Rome – Altyd is d Bose op d. loer om te vernietig – en altyd weer strek Xtus sy hand oor sy Kerk om te bewaar & beskerm!

Nee. dit wil nie sê dat Xtus d. Kerk op sondige manier beskerm nie — inteendeel: Hy gebruik heidense volke, godlose ideologieë, wêreldse magte, revolusie en geweld om sy Kerk te straf en te kasty, tot stilstand en inkeer te dwing, as Kerk hfs rekenskap te laat gee van die vraag: Is ons nog Kerk van Christus? Kerk v.d. Skrif? Of het ons verflou, afgedwaal, verwater, verwêreldlik?

Laat ons, ook in S.A. en in ons N.G. Kerke tog wegkom v.d. gedagte dat Xtus ons sal bewaar van onderdrukking of insinking omdat ons reken dat ons 'n sterk of mooi Kerk is! Xtus se bewaring van sy Kerk gaan deur die vurige oond se vlamme, deur d. kenteringstye van opstand en omkeer en ontnugtering!
Xtus bewaar sy Kerk: mr. nie noodwendig my Kerk!

III **Xtus Vernuwe en Verruim sy Kerk:**

Deur alles heen: voor- en teëspoed, aardse koninkryke wat kom en gaan, referendums oor monargieë of republieke, is Xtus besig om sy Kerk te laat toeneem aan krag & lewe: Dis die wonder van Xtus se arbeid en van sy koninkryk: deur alles gaan Hy voort! Daarom gebruik Hy soms vrede, soms oorlog –

sons gelowiges, soms heidene — Soms

En as sy Kerk sy roeping nie begryp, sy taak versuim, sy wese verloën dan roep Xtus magte & bewegings na vore wat juis deur hulle optrede of teëkanting die Kerk se oë open vir sy traagheid, sy blindheid, sy versuim.

Dis juis hier waar so baie Xtene die saak verkeerd verstaan: hulle glo die Kerk het 'n teeken kans, hulle glo Xtus se saak sal seëvier — maar daarby bly dit. Hulle verstaan nie dat die ware geloof lei altyd tot aksie, bekering lei altyd tot vernuwing — en dat ons as Xtene moet ~~insien~~: Alleen die Kerk wat die eenheid van Xtus se Kerk soek het 'n toekoms; alleen die Kerk wat gehoorsaam is aan die sendingopdrag het 'n toekoms; alleen die Kerk waar die liefde in toekoms; alleen die Kerk waar die liefde troon neem en die geloof blaei, die barmhartigheid leef, het 'n toekoms; alleen die Kerk wat eerlik sy ontnugtinge soek en Gods wil volkome en breedvoerig dit aan sy lidmate stel — alleen die Kerk het 'n toekoms! Alleen die Kerk wat meer sy lidmate oproep tot 'n nuwe, geheiligde en gehoorsame lewe in Xtus Jesus — het 'n toekoms! Alleen die Kerk waar ampte & gelowiges, ouderlinge & diakens saamwerk het 'n toekoms!

Ja, dat ons sal leer: dis nie Verwoerd of Nkrumah of Mao-tse-Tung of Eisenhower of Kennedy wat die Kerk se toekoms bepaal — dis Xtus & Hy alleen! Nr. Hy wil dit doen deur dat Hy elke gelowige, elke lidmaat persoonlik vra: Wat is my Kerk vir jou werd?

En so al moet ons leer: 'n Kerk se toekoms nie beslis deur Sinodes, Ringe nie, nr. deur die getuienis van elke gemeente